

# GEREFORMEERDE SKOOL DIRK POSTMA

## Kleuter- en Laerskool

Cunninghamlaan 1182  
WAVERLEY, 0186  
Telefoon: (012) 332-3222 x1  
e-posadres: gsdp@gsdp.org.za  
Posadres:  
Posbus 31120  
TOTIUSDAL, 0134  
Webwerf: www.gsdp.co.za



## Hoërskool

Dickensonlaan 1174  
WAVERLEY, 0186  
Telefoon: (012) 332-3222 x2  
e-posadres: hsadmin@gsdp.org.za  
Posadres:  
Posbus 31120  
TOTIUSDAL, 0134  
Webwerf: www.gsdp.co.za

## INFO: 18 SEPTEMBER 2020

---

Geagte ouers, lede, vriende en personeel

Ons staan op die drempel van die skoolvakansie na 'n lang kwartaal. Dit was beslis nie sonder uitdagings nie. Baie het verander, ons moes aanpas en vinnig kreatiewe planne opstel. Met trots kyk ons terug hoe die personeel, leerlinge, ouers en bestuur te werk gegaan het, saamgestaan het en aangepas het. Sonder vrae, sonder kla.

Ons kan getuig dat God ons deur die tyd gedra en beskerm het. Ons is dankbaar dat ons nie eintlik die gevolge van die virus in ons skool gemerk nie. GSDP het enkele tuis-gevalle en geen verdere uitbraak gehad nie.

Die leerlinge ontvang op Woensdag, 23 September hul rapporte. Alhoewel ons skoolkwartale nie meer ooreenstem met die kwartale van openbare skole nie, is daar nog onduidelikheid rakende die gewigte van opdragte, toetse, ensovoorts. Daar is sprake daarvan dat dit weer kan verander voor die amptelike einde van die kwartaal vir openbare skole. Gelukkig het ons wel die vryheid om nou ons eie rapporte uit te gee en die kwartaal af te sluit. Indien die staat dit drasties verander, sal ons dit met u kommunikeer.

Daar is nog onsekerheid rakende die sluitingsdatum aan die einde van die jaar. Ons ontvang stelselmatig kommunikasie van die departement wat daarop dui dat ons die leerlinge se punte reeds vroeg in Desember moet inhandig. Indien ons dit voor 4 Desember moet inhandig, sal ons die datums aan u deurgee. Ons werk ongelukkig tans met die inligting tot ons beskikking en dit is min en stadig.

In die afgelope weke het ons, as skoolgemeenskap, baie hartseer beleef. Die Here het in Sy almagtige wysheid Ian Bouwmeester (die boetie van Melanie en Anzel) en mnr Charles Botha (die oupa van Christopher en Andrea) tot Hom geneem. Ons dink aan die families en vriende wat hierdeur geraak is. Ons vind ons troos by God, wat ons in die tyd naby sal wees.

Dirkie-groete

**Mnr HJJ Visser**

KLEUTER- EN LAERSKOOLOHOOF  
BEDRYFSPAN: VOORSITTER

---

## ALGEMEEN

### PERSONEEL - VERJAARSDAE

**Baie geluk** aan mev **Marion Boersema** wat op 12 Oktober verjaar. Ons bid dat die Here u ryklik sal seën in die nuwe lewensjaar en dat u elke dag die nabyheid van die Here mag ervaar.

Ons het verlede week nagelaat om vir **Maria Mdvundlela**, wat op 16 September verjaar het, geluk te wens. Ons hoop u het die dag geniet.



### INSKRYWINGS: 2021

Die huidige gr R- en gr 7-leerlinge het reeds hul inskrywingsvorme vir 2021 ontvang.

Graag ontvang ons, ter wille van beplanning vir 2021, die inskrywings voor **30 September 2020**.

### GSDP - SKOOL SLUIT: WOENSDAG, 23 SEPTEMBER - 11:00



**GSDP sluit op Woensdag, 23 September om 11:00. Die bestaande reëling ten opsigte van die oplaai van u kind(ers) na skool geld.**

**Hektye vir Woensdag, 23 September:  
11:00 tot 11:10.**

### GSDP - SKOOL OPEN: MAANDAG, 12 OKTOBER

GSDP open op Maandag, 12 Oktober.

Ons gaan voort met die bestaande reëling ten opsigte van die aflaai van u kind(ers):

Hektye: 07:00 tot 07:40.



### GSDP - TELEFOONNOMMER

GSDP se telefoonnommer **(012) 332-3222** is in werking.

# HOËRSKOOL

## ALGEMEEN

Geagte ouers, personeel en vriende

Hierdie is die laaste Info vir kwartaal 3. 'n Mens kan dit amper nie glo nie. Dankie vir al die harde werk uit alle oorde en geniet die kort vakansie.

Ons betoon ons opregte meegevoel met alle personeel, ouers en leerlinge met die afsterwe van klein Ian Bouwmeester. Dit is regtig hartseer nuus wat ons ontvang het.

Ons herinner u aan die bestaande reëling: Leerlinge en ouers moet mekaar asseblief nie in skooltyd kontak nie. Tref alle reëlings via die hoërskoolkantoor. 'n Leerling moet vir mev Marion Boersema versoek om 'n ouer te skakel indien 'n leerling opgelaaï moet word.

Matriekdiens - Vrydag, 30 Oktober 2020: Die matriekdiens vind plaas op Vrydag, 30 Oktober 2020. Die praktiese reëlings volg.

Skooldrag: Ons handhaaf die bestaande *status quo* betreffende skooldrag: Die leerlinge mag tans wintersdrag, somersdrag of sosiale drag aantrek skool toe. Vanaf Maandag, 12 Oktober is die leerlinge verplig om die voorgeskrewe somersdrag aan te trek.

**Mnr JG Pretorius**

HOËRSKOOLHOOF

## AKADEMIE

Toetsreeks: Die toetsreeks is afgehandel.

Rapporte: Die leerlinge ontvang op Woensdag, 23 September hul rapporte.

Registrasie 2021 - gr 8: Die registrasie vir 2021 se gr 8-leerlinge is tans oop. Kontak gerus die kantoor indien daar leerlinge is wat graag wil inskryf.

Ons versoek dat u inskrywings, indien moontlik, voor **30 September** inhandig, ter wille van beplanningsdoeleindes.

Gr 12-leerlinge: PAT-take: Die gr 12-leerlinge gaan tydens die rekordeksamen hul PAT-take doen op 'n dag en tyd wat die Departement van Onderwys aan ons voorsien. Hulle skryf tot 23 September. Baie sterkte.

## SPORT EN KULTUUR

Die hoërskoolleerlinge het atletiek begin oefen. Die leerlinge oefen op hulle eie, maar vul hulle tye en oefeninge op 'n aanlynvorm in. Die atlete hou dan 'n virtuele aanlyn-oefen-kompetisie teen mekaar. Die wenners sal pryse ontvang. Kontak gerus juffrou Carli Buys, indien jy aan die kompetisie / oefening wil deelneem. Onthou dat ons volgende jaar graag weer wil kompeteer by atletiekbyeenkomste.

## SNOEPIE



Die hoërskool se snoepie is oop!

Betaling geskied met 'n kaart deur die D6-Toep (sien meer inligting in hierdie Info).

Die eerste indrukke van hierdie stelsel is baie positief.

Dit voorkom dat leerlinge kontant by hulle het.


Maak asseblief van hierdie kaart gebruik.

## AFLAAI EN OPLAAI VAN HOËRSKOOLLEERLINGE

**Die roete vir die aflaaï en oplaai van leerlinge:**

**Ingang:** Dickensonlaan

**Uitgang:** Codonialaan



## KWARTALE - 2020

**Die kwartale vir die res van 2020 is as volg:**

Kwartaal 3: 8 Julie tot 23 September

Kwartaal 4: 12 Oktober tot 4 Desember

**4 Desember:** GSDP sluit op Vrydag, 4 Desember vir alle leerlinge.



# LAERSKOOL

## AKADEMIE - EKSTRA KLASSE

GSDP het 'n skrywe gerig aan ouers van leerlinge wat ekstra klasse in 'n sekere vakgebied benodig. Indien u enige navrae hieromtrent het, kontak asseblief die vakonderwyser.

## SOMERSDRAG

Dit is **verplichtend** dat die laerskoolleerlinge vanaf Maandag, 12 Oktober die voorgeskrewe somersdrag aantrek.

**Klerebank:** Indien u eers wil uitvind of daar skooldrag na u behoefte in die klerebank beskikbaar is, doen asseblief elektronies navraag by mev Lienke Reesink (lienke.reesink@gmdp.org.za). Sy sal u navraag elektronies antwoord.

Ongelukkig is daar geen skooldrag (broeke en hempies) vir die seuns beskikbaar nie.

## 'N SPESIALE VERSOEK

U MOET ASSEBLIEF NIE VIR U KIND(ERS) NUWE SKOOLKLERE GAAN KOOP  
VIR DIE SOMER NIE.

ONS KOMMUNIKEER MEER INLIGTING DIREK NA DIE SKOOLVAKANSIE MET U.

## SPORT EN KULTUUR; BUITEMUURSE AKTIWITEITE

Is afgestel tot verdere kennisgewing.

## VERJAARSDAE

Baie geluk aan die volgende leerlinge met hul verjaarsdag. Ons hoop dat almal julle baie sal bederf:

19 September: Pieter van Straten (gr 1)  
20 September: Lukas Kotze (gr 3)  
23 September: Ethan Cloete (gr 5)  
Philip van de Veen (gr 4)  
24 September: Zara Els (gr 4)  
29 September: Anrika Schuring (gr 6)  
Minay van der Veen (gr 3)  
2 Oktober: Heinrich Loock (gr 3)  
14 Oktober: Divan Pouwels (gr 5)  
15 Oktober: Yannick Yssel (gr 3)



## **AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE**

**Ons vestig u aandag op die bestaande reël en versoek dat u dit asseblief gehoorsaam:**

### **AFLAAI EN OPLAAI VAN LEERLINGE**

**Die roete vir die aflaai en oplaai van leerlinge:**

**Ingang:** Dickensonlaan   
**Uitgang:** Codonialaan 

#### **HEKTYE**

**07:00 - 07:40**

**13:00 - 13:15**

**13:30 - 14:00**

### **OPLAAI VAN LEERLINGE**

tyd	graad	plek
13:00 - 13:30	kleuterskool	Cunninghamlaan
13:00 - 13:15	gr 1 - gr 3	Dickensonlaan
13:30 - 14:00	gr 4 - gr 7	Dickensonlaan

**Gr 1- tot gr 3-leerlinge:** Die leerlinge beweeg om 12:55 na die afgemerkte plekke op die kerkerrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.

**Gr 4- tot gr 7-leerlinge:** Die leerlinge beweeg om 13:25 na die afgemerkte plekke op die kerkerrein waar u van die "pick-up and go"-stelsel gebruik moet maak.

**Ons versoek dat u asseblief nie voor die hekke parkeer en wag dat die hekke oopmaak nie - dit verhinder die personeel wat op die terrein moet wees se toegang.**

#### **TOEGANG TOT GSDP-SKOOLTERREIN**

ONS BEVESTIG ONS BESTAANDE BELEID DAT ONS GEEN OUER / BESOEKER OP DIE SKOOLTERREIN TOELAAT NIE. INDIEN U WEL DIE TERREIN MOET BETREE, MOET U ASSEBLIEF VOORAF DIE BETROKKE KANTOOR SKAKEL EN 'N AFSPRAAK MAAK.

ENIGE PERSOON WAT DIE SKOOLTERREIN BETREE, MOET EERS BY DIE KANTOOR AANMELD EN DIE NODIGE DOKUMENTE VOLTOOI, VOORDAT U U AFSPRAAK KAN NAKOM.

INDIEN U KIND(ERS) LAAT IS, MOET U HOM / HAAR BY DIE HEK IN CUNNINGHAMLAAN AFLAAI. KONTAK DIE KANTOOR DEUR MIDDEL VAN DIE INTERKOMSTELSEL. U KIND(ERS) MAG DAN INKOM EN OP DIE BANKIES SIT, TOTDAT DIE PERSONEEL DIE NODIGE "SIFTING" DOEN.

GEEN LEERLING MAG NA 'N KLAS GAAN SONDER DAT DIE "SIFTING" GEDOEN IS NIE!

# KLEUTERSKOOL

Die einde van die derde kwartaal is in sig! Met dankbaarheid het ons hierdie kwartaal begin en met dankbaarheid sluit ons dit af. Ons is weereens daaraan herinner dat die HERE se hand oor ons leerlinge en skool is.

**Rapporte:** Die kleuters ontvang hul rapporte op Dinsdag, 22 September.

**GSDP sluit:** GSDP sluit op Woensdag, 23 September. U kan u kleuter(s) tussen 10:30 en 11:00 kom oplaai.

**Gr R - voorbereiding:** Die gr R-kleuters is besig met voorbereiding vir 'n wonderlike avontuur: GRAAD 1 en die GROOT SKOOL!

Juffrou Michelle Harenberg (voëltjie-klas) bied 'n ASB-skoolgereedheidstoets vir die gr R-kleuters aan in die begin van die 4de kwartaal. Meer inligting volg via *WhatsApp*.

Geniet 'n welverdiende rus!

**Verjaarsdae:** 21 September: Alivia Arnold (gr R)  
22 September: Mila Els (gr RR)  
Herman Venter (gr R)  
25 September: Bennie Buys (gr R)  
29 September: Harm Heikens (gr R)  
Jan Heikens (gr R)



**U IS WELKOM OM INDIVIDUEEL-VERPAKTE LEKKERNYE (SKYFIES, SMARTIES, ENSOVOORTS) SKOOL TOE TE STUUR.**

**Hektye:** 07:00 - 07:40  
13:00 - 13:30



Johannes 1: 4 - 5:

"In Hom was lewe, en die lewe was die lig van die mense. En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie."

---

## GSDP - "SNAPSCAN"

GSDP gee hiermee aan u die "snapscan"-kodes wat u kan gebruik vir betaling:



Gebruik bogenoemde kodes om betalings ten opsigte van skoolfonds en die bergpretloop te maak. U kan betalings in u eie omgewing maak en hoef nie meer skool toe te ry om dit te doen nie.

## GSDP - VIRTUELE BERGPRETLOOP - 26/09/2020 tot 20/10/2020



Ons herinner u aan ons virtuele "bergpretloop" wat binnekort plaasvind.

Dit dien as GSDP-fondsinsameling.

Neem gerus deel en versprei die advertensie so ver as moontlik.

Sien GSDP se "facebook"-blad en die webtuiste vir meer besonder-hede.

## DIRKIESKOOP



**Señor Chef:** GSDP neem deel aan die Señor Chef-projek. Besoek die DirkieKoop-webtuiste by <http://www.dirkieskoop.gsdp.org.za>, waar u bogenoemde kan bestel. Bestellings is reeds oop en sluit op Maandag, 5 Oktober. Die leerling wie se ouers die grootste randwaarde-bestelling vir Señor Chef-produkte plaas, ontvang 'n geskenkie.

Kontak mev Linette Pouwels vir meer besonderhede (083-737-2434).



## HERWINNING

Ondersteun asseblief ons herwinningsaksie. Sodoende dra u, sonder dat u dit agterkom, by dat die skool gereeld "betaling" hiervoor ontvang.



### GLAS, PLASTIEK, BLIKKIES, PAPIER

Plaas glas, plastiek, blikkies en papier in die houters by die laerskool, te Cunninghamaan.

## ONDERSTEUN GSDP

### BLITS ELEKTRIES

Met aankope te Blitz Elektries, moet u asseblief noem dat u 'n Dirk Postma-ouer of -ondersteuner is. GSDP ontvang 7,5 % op alle aankope.

### PICK 'n PAY - WAVERLEY PLAZA



Wanneer u aankope te Pick 'n Pay in Waverley Plaza doen, kan u u kasregisterstrokie in die houer (gemerk "Dirk Postma") gooi. Die skool wat die meeste strokies ontvang, ontvang 'n kontant-bedrag op 'n tyd wat Pick 'n Pay bepaal.

### "MY-SCHOOL"-KAART

Hoe werk die "MySchool"-kaart? Vir elke aankope by winkels wat gekoppel is aan die kaart byvoorbeeld Woolworths, kry die skool 'n persentasie. Aan die einde van elke maand betaal MySchool die bedrag oor aan GSDP.



Indien u nog nie 'n "MySchool"-kaart het nie, besoek die webwerf [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za), klik op "Get a MySchool card now" en voltooi die maklike aansoekvorm binne minute.

# KONTANTLOOS (D6)

Die skool poog om sover moontlik kontantloos te werk.



Ons het nou verskeie opsies wat u kan gebruik om betalings te maak:

- EFT: Soos altyd gebruik u u familiekode as verwysing
- Kaartfasiliteit: By die laerskoolkantoor
- Snapscan: Die kode is in die Info. Gebruik u familiekode as verwysing. Ons sal snapscan vir projekte aan u voorsien.
- D6-Cashless: Die D6-Cashless werk op die D6-Toep. Gaan in u toep, klik op die "i" regs onder en dan op "cashless". Voor u betalings maak, moet u eers geld in u beursie laai:
  - Gaan na "my beursie" en doen 'n "EFT" na die bankrekening en gebruik die verwysing soos op die skerm getoon.
  - As u beursie gelaai is, gaan na "betaal my gemeenskap". Daar sal u die skoolfonds wat vir die maand uitstaande is, kan betaal, sowel as enige projek wat gekoppel is aan die leerlinge.

Dit werk baie maklik.

Hoeveel is nog uitstaande op my toergeld of veldskool, ensovoorts?

- Onder "betaal my gemeenskap" kan u presies sien wat die skoolfonds is en ook die bedrag uitstaande op projekte, soos toergeld, veldskool, uitstappies, ensovoorts.

**Ons gebruik die D6-Toep om inligting aan u deur te gee, soos die Info, reëlings, ensovoorts. Vanaf die vierde kwartaal sal u die Info slegs via die D6-Toep ontvang. Dit is dus baie belangrik dat u die toep aflaai en ingeteken bly. Vind dit op "Google Playstore: D6 connect" (die SWART BLOKKIE).**

Indien u enige navrae het oor enige van bogenoemde, kontak mev Irene van der Meer by finansies.

'n Produk deur Pretorium Trust.

**bonuscard**  
THE ORIGINAL CASHBACK



"Ons het in 2019 meer  
as **R51 miljoen in  
kontant** aan ons lede  
uitbetaal "

**SMS "GSDP & u naam" na 36968 & ons sal u kontak!**

## Hoe dit **werk**



Doen aansoek vir jou  
bonuskaart



Koop by meer as  
8000 winkels



Betaal jou rekening  
maandeliks



Ontvang 'n jaarlikse  
kontantbonus op aankope  
& versekeringpremies

Pretorium Trust (Koöperatief) Beperk is 'n gemagtigde finansiële diensverskaffer (Lisensienr 2753)  
en geregistreerde kredietverskaffer (NCRCP228)

